Vrydag **20 September**

**Skrifgedeelte: Handelinge 19:11-20 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Handelinge 19:11-20**

**In die Naam van Jesus**

*In die Naam van Jesus beveel ek jou: Word gesond! Ek spreek die bloed van Jesus oor jou uit. Jesus seën jou.*

So hoor ons mense beveel en spreek en seëninge oplê. Met oortuiging en passie.

Dis nie net iets van ons tyd nie. Die sewe seuns van Skeva het dit reeds gedoen, in die dae toe Paulus op sy derde sendingreis was. Skeva was ’n Joodse owerpriester, ’n man van statuur. Sy sewe seuns trek voordeel uit hulle pa se status. Hulle kom staan in die kollig. Hulle het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor dié wat bose geeste gehad het. Hulle sê: “Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!”

Paulus het nie op die sewe manne se waagstuk gereageer nie. Die bose gees wat hulle wil uitdryf, doen die praat- en doenwerk: “Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?” Die sewe jongmanne het nie ligtelik van hulle dwase pratery afgekom nie. Hulle word kaal uitgetrek en raak gewond. Hulle moes vlug vir hulle lewe.

Die saak is duidelik. Pas op hoe jy die Naam van Jesus gebruik. Dit is die Naam bo alle name. Jesus is heilig. Sy Naam is heilig. Sy heilige Naam is geen towerstaffie wat jy na jou smaak kan rondswaai nie. Sy heilige Naam is nog minder ’n publisiteitsfoefie waarmee jy vir jouself wins durf maak. Die seuns van Skeva het dit ondervind.

Radikaal daarteenoor staan die vervolg van die geskiedenis. Die sewe seuns se optrede en die ingrypende gevolge daarvan het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Efese woon. Vier dinge gebeur:

- vrees het op hulle almal geval;
- die Naam van die Here Jesus is grootgemaak;
- baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekendgemaak;
- verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand.

Hierdie vier groot dinge wys op die regte, eerbiedige gebruik van Jesus se heilige Naam. Sy Naam moet grootgemaak word. In sy Naam kom daar daadwerklike, kragtige bekering. In sy Naam is daar vergifnis van sondes. So groei die woord van die Here en word dit met krag sterk – ook in ons lewens.

*Sing: Psalm 145-1:1, 2*

*Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)*